

Subject: Re: Dier Penlys

From: geldenhuys familietrust Familietrust <geldenhuysfamilie@gmail.com>

Date: 2026/08/21, 09:29

To: Lea Jonker <lea@studbook.co.za>

Goeiemore Lea

By ons is dit heerlijk warm, hoop daar ook!

Ek bevestig net JCV 26-25 se vaar is BBM 16-126, ek merk hy is ook op die PEN lys. Sy sterthare is nie ingestuur vir vaderskap-verifikasie nie, want sy ma JCV 10-103 was by BBM 16-126.

Ek vertrou dis in orde so.

Groete.

On Tue, Aug 18, 2026 at 1:16 PM geldenhuys familietrust Familietrust <geldenhuysfamilie@gmail.com> wrote:

Dankie Lea!

Groete.

On Tue, Aug 18, 2026 at 12:44 PM Lea Jonker <lea@studbook.co.za> wrote:

Middag Annette, dit gaan goed dankie, kry net vandag koud wat vreemd is, want ek hou van die Winter en ek bewe letterlik.... hoop nie ek word weer siek nie....

Ek kan nie sien dat die opdatering ooit by ons uitgekom het nie, maar ek het nou gelaai.

Stelsel is stadig vandag, so gee asseblief 'n rukkie, dankie.

Groete.



On 2026/08/17 16:12, geldenhuys familietrust Familietrust wrote:

Hallo Lea

Ek vertrou dit gaan goed?

Nav die jongste pending-lys, heg ek verslag van Unistel met vaderskappe van o.a. JCV 26-31, 26-33 en 26-40 aan. Dit wil voorkom of hulle nog nie ge-allokeer is nie.

Groete.
Annette Geldenhuys.

On Mon, Aug 17, 2026 at 1:52 PM <lea@studbook.co.za> wrote:

Geagte Teler

Die Logix stelsel is 'n baie verfynde stelsel en baie kontroles en toetse word op 'n rekord gedoen alvorens dit opgeneem word in die stelsel. Logix het ten doel om te verseker dat betroubare (skoon) data opgeneem word, wat voldoen aan biologiese, sowel as rasstandaarde vir verdere gebruik in Genetiese evaluasies. Rekords word in baie gevalle ingedien, maar is daar nog inligting uitstaande. Om te verhoed dat die transaksie verlore gaan, word die rekord aangeteken met n Hangende registrasie (Pending) status en rede. Dit veroorsaak dat sekere redigering eers gedoen moet word en addisionele inligting nodig is alvorens 'n rekord aanvaar word in Logix. Voorgaande het tot gevolg dat daar 'n Hangende registrasielys is, ook bekend as 'n "Pendinglys" wat die redigeerklerk nie kan oplos nie. Die teler moet dan gekontak word om verdere inligting te verkry, om die rekord volledig op te neem.

Aangeheg is u kudde se "Pendinglys" en word u versoek om asseblief dringend aandag te gee aan elke transaksie. Indien so 'n transaksie nie binne twee (2) jaar opgelos word nie, sal die transaksie van die stelsel verwyder word en sal u weer die transaksie moet indien. Hierdie lysie sal op 'n meer gereelde basis aan u gestuur word, met die doel om die diens aan u te verbeter.

Daar word graag van u verneem in die verband. U terugvoering moet asseblief gerig word aan die persoon wat die epos aan u gerig het en nie na Logix nie.

Dear Breeder

The Logix system is a very refined system and many checks and tests are done before being incorporated into the system. Logix's aim is to ensure that all biological and breed standards are adhered to and thus ensure that reliable (clean) data is recorded for further use in Genetic evaluations. Records submitted, in some cases, need additional information to be processed fully. To ensure that the incomplete data is not rejected by the system, the information is recorded with a Pending registration status and reason. This results in Pending lists being generated after the clerk cannot resolve the issues. The breeder must then be contacted to obtain further information to record the transaction fully.

Attached is your herd's Pending List and you are kindly requested to reply on every transaction. If such a transaction is not resolved within two (2) years, the transaction will be deleted from the system and you will have to resubmit it. These lists will be sent to you on a more regular basis for the purpose of improving our services to you.

We look forward to hear from you. Please sent feedback to the person from

whom this email has been sent and not to Logix.

Groete